higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

27 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 C
1.3 B
1.4 D
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 I
3.2 F
3.3 J
3.4 B
3.5 H
3.6 C
3.7 G
3.8 E
3.9 M
3.10 L

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Voeding
4.2 Ongesond
4.3 Wanvoeding
4.4 Nie genoeg het
4.5 Obesiteit

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Polisiediskresie

Dit verwys na die vryheid of die gesag van die polisie om besluite te neem terwyl hulle hul pligte uitvoer. Oor die algemeen beteken dit dat die polisie in ’n gegewe situasie kan kies:

- Om op te tree of nie op te tree nie.
- Watter tipe optrede verlang word.
- Om in hegtenis te neem of om nie in hegtenis te neem nie

Daar is baie situasies waarin diskresie gebruik moet word. Om hierdie rede staan polisiediskresie soms bekend as ‘selektiewe wetstoepassing’. Dit is ’n belangrike onderwerp, omdat dit die lewensgehalte van burgers kan beïnvloed.

Diskresie is die oordeel van ’n polisiebeampte in ’n spesifieke situasie. In ’n demokrasie word diskresie gewoonlik aangemoedig. Die misbruik van diskresie word egter nie toegelaat nie. In ’n demokrasie beteken diskresie nie om ‘te doen wat ek wil nie.’ Polisiediskresie in ’n demokrasie word altyd deur reëls gebind, soos die reg, polisiebeleid of gemeenskapsaanvaarding.

(Enige DRIE van die bostaande) (3 × 1) (3)

5.2 Beginsel van polisieverantwoordbaarheid

Hoewel die polisie mag besit, is hulle teenoor die gemeenskap aanspreeklik vir hul handelinge.

Oor die algemeen kan ons sê dat die polisie:

1. Aanspreeklik teenoor die reg is (die polisie kan nie bo die reg verhewe wees nie)
2. Verantwoordelik vir die veiligheid en sekuriteit van alle mense in Suid-Afrika is
3. Rekenskap van hul beleide en handelinge behoort te gee aan diegene wat ’n wettige belang daarby het.

(Enige DRIE van die bostaande) (3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

5.3 <u>'Persepsie van wanbalans tussen misdadigervryheid en slagoffers se regte'</u>

Misdadigervryheid is 'n persepsie wat gemeenskappe in 'n demokrasie dikwels het, naamlik dat die oortreder se regte meer as dié van die slagoffer beskerm word. Die oortreder in 'n demokrasie is egter slegs skuldig aan iets sodra dit bewys is. Voor dit word die oortreder as onskuldig beskou. Objektief gesproke is 'n polisiebeampte in uniform presies dit: 'n polisiebeampte in uniform. Subjektief gesproke kan mense polisiebeamptes as die staat se arm van onderdrukking van die plaaslike gemeenskap beskou, of as mense wat geld van 'n beskuldigde neem om die saakdossier te laat verdwyn.

Die polisie se handelinge kom onder noukeurige openbare ondersoek wanneer hulle met oortreders werk. In 'n demokrasie is ons almal verantwoordelik vir gelyke en medemenslike behandeling van alle lede van die gemeenskap, selfs die oortreders. Gevolglik moet die polisie verseker dat hulle oortreders korrek hanteer kragtens die reg om te voorkom dat enige regsaksie teen hulle ingestel word of 'n saak van die rol geskrap word weens onreëlmatige prosedures.

Hoewel daar talle internasionale dokumente is wat oor die regte van verdagtes en beskuldigdes handel, is daar slegs een dokument wat slagoffers se regte beskerm. Die Verenigde Nasies se Verklaring van Basiese Beginsels van Geregtigheid vir Misdaadslagoffers en Magsmisbruik, die 'Slagofferverklaring', is die enigste dokument wat leiding rakende die beskerming van slagoffers se regte aan ledestate bied.

Die Slagofferverklaring bevat die volgende definisie van misdaadslagoffers:

'Misdaadslagoffers is persone wat, individueel of gesamentlik, skade gely het, insluitend fisieke of geestelike besering, emosionele lyding, ekonomiese verlies of beduidende aantasting van hul fundamentele regte, deur middel van optrede of versuim wat wette skend wat in ledestate van krag is, met inbegrip van daardie wette wat misdadige magsmisbruik verbied.' ✓

(Enige DRIE van die bostaande) (3 × 1) (3)

5.4 <u>Korrupsie in die polisiëringskonteks</u>

'Polisiekorrupsie is enige onwettige optrede of wangedrag wat die gebruik van beroepsmag vir persoonlike, groep- of organisatoriese gewin behels' (Sayed en Bruce, 1998).

Om as korrup beskou te word, moet 'n handeling die volgende kenmerke besit:

1. Dit moet 'n oortreding van Suid-Afrikaanse strafreg of siviele reg wees of kwalifiseer as wangedrag kragtens regulasies van die SAPD, Militêre Polisie-afdeling, Metropolisieagentskap of Verkeersbeamptes.
2. Dit moet óf die wetlike óf organisatoriese magte van die polisie gebruik.
3. Wanneer 'n persoon 'n korrupte daad pleeg, gebruik hy/sy die een of ander vorm van mag, kennis, toegang, geloofwaardigheid of ander middele tot 'n beampte se beskikking, omdat hy/sy 'n lid van die polisiediens is.
4. Die handeling moet gemotiveer wees deur die begeerte om die een of (3)

Kopiereg voorbehou

ander identifiseerbare persoonlike, groeps- of organisatoriese voordeel of beloning te bekom.

(Enige DRIE van die bostaande) (3 × 1)

5.5 Uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling op polisieopleiding toegepas

• Uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling (UGOOO) is 'n leerdergesentreerde leerfilosofie wat daarop fokus om leerderprestasie teen uitkomste te meet.	Polisiebeamptes moet die reg toepas, bv om 'n persoon in hegtenis te neem of aan te hou, ens. (Enige polisieaktiwiteit kan gegee word.)
• Die onderwyser/dosent/opvoeder/afrigter is 'n fasiliteerder van leer en 'n menseontwikkelaar.	Opleiers/instrukteurs by die SAPD-kolleges/akademies word opgelei en geassesseer om bevoeg te wees. Hulle ontwikkel polisiebeamptes om alle tipes misdaadtoneel te kan hanteer.
• UGOOO verskil van tradisionele OOO, wat hoofsaaklik fokus op die hulpbronne wat tot die leerder se beskikking is.	Polisiebeamptes word opgelei om beskikbare hulpbronne te gebruik en, in die afwesigheid daarvan, te improviseer.
• UGOOO vereis van leerders om te demonstreer dat hulle die vereiste uitkomste bereik het (demonstreer bevoegdheid, aangesien kennis, vaardighede en gesindheid aan bevoegdheid gelyk is).	Polisiebeamptes word bevoeg verklaar met betrekking tot kennis, vaardighede en gesindhede, wat dan effektief in alle situasies toegepas kan word.

(Enige VIER van die bostaande) (4 × 1) (4)

[16]

VRAAG 6

6.1 Intermediêre strekking ontwikkel buigsaamheid. Dit lei tot 'n groter reeks bewegings in gewrigte. Polisiebeamptes moet ook liggaamsbewustheid besit, bv om nie oortollige gewig op te tel of oormatig spiere te ontwikkel nie. Hulle moet ook hul verstand oefen en dinamiese strekking doen. Polisiebeamptes moet opponerende kragte in gedagte hou tydens strekoefeninge aangesien dit met selfverdediging help, indien nodig. (2)

(Enige TWEE van die bostaande) (2 × 1)

Kopiereg voorbehou

6.2

KOVERTE WERK SLUIT DIE VOLGENDE IN	VOLGENS DIE SCENARIO
• Geheime operasies, waar 'n situasie opgestel word ✓	In scenario uitgevoer
• 'n Poging om misdaad te ontmoedig of verdagte misdadigers vas te trek	In die scenario beplan
• Infiltrasie van 'n georganiseerde misdaad-groep. Byvoorbeeld, wanneer 'n polisiebeampte hom/haar as 'n misdadiger voordoen om inligting oor 'n bende te bekom.	Polisie het die verdagtes verras. Multidissiplinêre groepe was betrokke.

(Enige VIER van die bostaande) (4 × 1) (4)

6.3 <u>Koördinering</u>

Ja.

Al die verskillende afdelings het saamgewerk om die organisasie se doelstellings te bereik. Indien die verskillende eenhede in die organisasie slegs hul eie eenheidshoofde gevolg het, sou hulle as afsonderlike entiteite opgetree het, en die doelstellings wat die organisasie wou bereik, benadeel het. Spanwerk bereik altyd beter resultate. In die scenario wat gegee word, moes die verskillende afdelings op hul eie doel fokus as deel van die hele operasie om tot die gemeenskaplike doel by te dra om onwettige mynbouaktiwiteite te bedwing.

(Enige TWEE van die bostaande) (2 × 1) (2)

6.4

TAKTIESE LEIERSKAPSVAARDIGHEDE	TOEPASSING OP DIE SCENARIO

Kopiereg voorbehou

Hierdie vaardighede behels onder meer die volgende: 1. Effektiewe kommunikasie 2. Afrigting van spanlede om sukses te verseker ✓ 3. Skepping van ’n omgewing wat mense se idees en bydraes respekteer en aanmoedig ✓	1. Die waarnemende Provinsiale Kommissaris het waarskynlik met al die rolspelers gekommunikeer (SAPD-komponente, die Namakwa-distrikskantoor, eenhede, polisiekantore en DPMO (‘DPCI’), bygestaan deur die Departement van Binnelandse Sake, die Polisie-sekretariaat, Staatsveiligheidsagentskap, die Departement van Minerale, twee helikopters en ’n vastevlerk- Porter-vliegtuig.) 2. Die waarnemende Provinsiale Kommissaris het waarskynlik al die rolspelers afgerig ✓(SAPD-komponente, die Namakwa-distrikskantoor, eenhede, polisiekantore en DPMO (‘DPCI’), bygestaan deur die Departement van Binnelandse Sake, die Polisiesekretariaat, Staatsveiligheidsagentskap, die Departement van Minerale, twee helikopters en ’n vastevlerk- Porter-vliegtuig). 3. Die waarnemende Provinsiale Kommissaris het waarskynlik ’n omgewing geskep wat mense se idees en bydraes gerespekteer en aangemoedig het – dus is daar op toerusting ter waarde van R3 500 000 beslag gelê, ’n groot aantal inhegtenisnemings is gedoen, en grond- en lugpersoneel is bestuur.

(Enige TWEE van die bostaande) (2 × 1) (2)

6.5 Die liggaam kan nie noodsaaklike nutriënte produseer nie, of in hoeveelhede wat genoeg is om in die liggaam se behoeftes te voorsien nie; dus moet die dieet hierdie nutriënte verskaf (koolhidrate, proteïene, vette, minerale en vitamiene).

Sonder voeding sal ’n persoon sterf. Mense, diere en plante het almal voeding nodig om te oorleef. Die liggaam benodig genoegsame nutriënte vir noodsaaklike funksies op die vlak van die selle en organe. Die liggaam breek die nutriënte af wat ingeneem word en gebruik dit om selle en weefsels te bou en te herstel. Dit staan bekend as metabolisme. Nutriënte word vir ’n funksionele metabolisme benodig. (2 × 1) (2)

6.6 Die beamptes in die scenario moes swaar toerusting dra nadat hulle daarop beslag gelê het en moes waarskynlik ook agter die verdagtes aan hardloop. (2)

Kopiereg voorbehou

Die oppervlak op die foto's wys 'n ruwe terrein. Die verdagtes het hulle dalk teen arrestasie teengesit en geweld moes dalk uitgeoefen word. Oorkoepelend sou die werksverwante batteryfiksheidstoets 'n rol gespeel het: dit ondersteun die ontwikkeling en instandhouding van kardiorespiratoriese spierkrag en buigsaamheid.

(Enige TWEE van die bostaande) (2 × 1)

[14]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 **<u>Aantekeninge aan die nasiener:</u> Die leerders moes die gebruik van geweld bespreek en dit met die scenario verbind wat gegee is. Enige VYF van die volgende feite :**

<u>Die gebruik van geweld</u>

Die omstandighede van 'n situasie bepaal of geweld (en hoeveel geweld) benodig word. In die scenario wat voorsien is, was die skare kwaad. Hulle het die slagoffers met klippe doodgegooi en 'n voertuig uitgebrand wat moontlik aan die slagoffers behoort het. Hulle het ook die polisie aangeval en hul voertuie beskadig. Dit het gelyk soos 'n desperate situasie wat daartoe kon lei dat mense geskiet of doodgemaak word. Dit was onveilig vir die polisiebeamptes. Die geweld wat gebruik is, moes in verhouding wees met die situasie en word deur elke situasie bepaal. Polisiebeamptes kan dit op die misdaadtoneel voorspel.

Die gebruik van geweld deur die polisie moet formeel goedgekeur word. Gevolglik, indien die reg nie die geweld bekragtig wat deur die polisie gebruik word nie, is daardie gebruik van geweld onwettig. Dit beteken dat dit vir 'n polisiebeampte moontlik is om die wet te oortree.

Polisiebeamptes word nie toegelaat om geweld te gebruik as hulle die situasie daarsonder kan oplos nie, byvoorbeeld die polisie behoort nie vuurwapens te gebruik as hulle 'n persoon arresteer wat ongewapen is en winkeldiefstal pleeg nie. Daardie persoon kan nie op die polisie skiet nie, en al wat nodig is, is om die persoon te boei.

Die polisie moet altyd wys dat die hoeveelheid geweld wat gebruik is, slegs genoeg was om hul doelwit te bereik. Die mate van geweld wat gebruik word, moet ook regstreeks verband hou met die mate van geweld wat teen die polisie ingespan word. Dit is dikwels vir die polisie nodig om geweld te gebruik, maar hulle moet dit nie gebruik as dit nie noodsaaklik is nie. Die polisie moet dit by die publiek inskerp dat hulle wel in staat is om geweld te gebruik as 'n manier om die reg af te dwing. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

7.2 **<u>Aantekeninge aan die nasiener:</u> Die leerder moet die aspek van die Gedragskode bespreek en dit met die gegewe scenario in verband te bring. Enige VYF van die volgende:**

<u>Suid-Afrikaanse Polisiediens se Gedragskode.</u>

Die lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verbind hulle tot die skepping van 'n veilige en geborge omgewing vir alle mense in Suid-Afrika deur:	
HANDELING IN GEDRAGSKODE	**TOEPASSING IN SCENARIO**
• deel te neem aan pogings wat daarop gerig is om die oorsake van misdaad te hanteer	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê.
• optrede te voorkom wat die veiligheid of sekuriteit van enige gemeenskap bedreig	Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied.
• misdadige optrede te ondersoek wat die veiligheid of sekuriteit van die gemeenskap in gevaar stel, en die daders voor die gereg te bring	'Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.' 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê.
Deur ons hiertoe te verbind, sal ons te alle tye:	
HANDELING IN GEDRAGSKODE	**TOEPASSING IN SCENARIO**
• die behoeftes van die gemeenskap in ag neem	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. ✓ 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry,' het luitenant-generaal Thembi Hadebe afgesluit.

Kopiereg voorbehou

• die behoeftes van die Suid-Afrikaanse Polisiediens as die werkgewer te erken	'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. ✓ 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry,' het luitenant-generaal Thembi Hadebe afgesluit.
• met alle belanghebbende partye in die gemeenskap en die staat op alle vlakke saam te werk	Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied.

Kopiereg voorbehou

• die Grondwet en die reg te handhaaf	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. Voorlopige ondersoeke dui daarop dat die twee slagoffers betrap is dat hulle 'n bok vervoer het. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle lewende hawe in die gebied steel. 'Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.' 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry,' het luitenant-generaal Thembi Hadebe afgesluit.

Ten einde 'n veilige en geborge omgewing vir al die mense van Suid-Afrika te skep, onderneem ons om:

HANDELING IN GEDRAGSKODE	TOEPASSING IN SCENARIO
• met integriteit op te tree om 'n effektiewe diens van 'n hoë standaard te lewer wat vir almal toeganklik is, en voortdurend daarna te streef om hierdie diens te verbeter	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied.

Kopiereg voorbehou

• alle beskikbare hulpbronne verantwoordelik, doelmatig, kostedoeltreffend en optimaal te benut	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry,' het luitenant-generaal Thembi Hadebe afgesluit.
• ons vaardighede te ontwikkel en by te dra tot die ontwikkeling van ons kollegas om gelyke geleenthede vir almal te verseker	Luitenant-generaal Hadebe het leierskap teenoor alle polisiebeamptes openbaar deur te sê dat hy die plegers van die wrede moorde waarsku dat die polisie onverbiddelik sal optree om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.'

Kopiereg voorbehou

• tot die heropbou en ontwikkeling van, en versoening in ons land by te dra; die fundamentele regte van elke persoon in stand te hou en te beskerm	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. Luitenant-generaal Hadebe het leierskap teenoor alle polisiebeamptes openbaar deur te sê: 'Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.' 'Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem.' 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.'
• op te tree op 'n manier wat onpartydig, beleefd, eerlik, met respek, deursigtig en aanspreeklik is	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. Luitenant-generaal Hadebe het leierskap teenoor alle polisiebeamptes openbaar deur te sê: 'Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.' Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,' het luitenant-generaal Hadebe gesê. 'Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.'

Kopiereg voorbehou

• die bevoegdhede wat aan ons verleen is op ’n verantwoordelike en beheerde wyse uit te oefen	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. Luitenant-generaal Hadebe het leierskap teenoor alle polisiebeamptes openbaar deur te sê: ‘Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.’ Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem,’ het luitenant-generaal Hadebe gesê. ‘Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.’
• daarna te streef om enige vorm van korrupsie te voorkom en plegers daarvan voor die gereg te bring	Die polisie is om ongeveer 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. Versterkings is ontbied en die situasie is daarna ontlont. Die paramedici is ontbied. Luitenant-generaal Hadebe het leierskap teenoor alle polisiebeamptes openbaar deur te sê: ‘Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring.’ ‘Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande te neem.’ ‘Die beskadiging van polisievoertuie sal ons beperkte hulpbronne onder verdere spanning plaas. Dit is bestem om diens aan die gemeenskap

Kopiereg voorbehou

	te lewer. Wie ook al verantwoordelik is, sal met die volle krag van die reg te doen kry.'

(Enige 5 × 1) (5)

7.3 7.3.1
- Polisiebeamptes sal vertroue kry as hulle begelei word deur die werklike werk wat hulle uiteindelik sonder leiding sal doen.
- Polisiebeamptes is produktief, aangesien hulle inderwaarheid werk terwyl hulle opgelei word.
- Indiensopleiding is kostedoeltreffend, aangesien geen ekstra uitgawes betrokke is nie.
- Polisiebeamptes se werkverrigting is op die verlangde vlak van die organisasie. (Enige 3 × 1) (3)

7.3.2
- Die indiensopleier/-afrigter/-instrukteur moet as sodanig opgelei wees. Indien nie, sal opleiding nie die behoorlike standaarde bereik nie.
- Die druk van daaglikse werk kan 'n uitwerking hê op die tyd wat aan indiensopleiding bestee word.
- Opleidinggehalte is nie noodwendig op die verlangde peil nie.
- Opleiding van die opleier wat beamptes moet oplei, skakel nie noodwendig moontlike swak opleidingsgewoontes van die opleier uit nie. (Enige 2 × 1) (2)

7.4 Die bestuursfunksie van beheer is sigbaar in die reaksie deur die Provinsiale Kommissaris, soos volg:
- Oortreders word gewaarsku in 'n poging om misdadige gedrag te beheer (aandag word aan beweerde misdadigers gegee).
- Misdaadbeheerpogings fokus op moorde (misdaad word gehanteer).
- Die polisie is geposisioneer as die gemagtigde misdaadbeheer-agent.
- Gemeenskappe word aangemoedig om tot misdaadbeheer by te dra deur inligting aan die polisie te gee.
- Gemeenskappe word ingelig dat hulle nie self op 'n wettelose manier moet optree nie.
- Pogings word aangewend om skade aan fisiese hulpbronne te beheer wat gebruik word om op misdaad te reageer (die polisievoertuie).
- Beheerpogings is gerig op diens aan die gemeenskap (om dienslewerings pogings te beheer).

(Enige VYF van die bostaande) (5 × 1) (5)

7.5 Ja. 'n Gebalanseerde dieet en matigheid is belangrik. As daar te veel of te min van enige van die noodsaaklike nutriënte is, kan 'n persoon siek word, byvoorbeeld, as 'n persoon te min kalsium het, sal die bene sag en swak raak. Te veel kalsium kan tot nier- en hartprobleme lei.

(Enige TWEE van die bostaande) (2 × 1) (2)

7.6
- Dit beskerm die liggaam teen weefselskade.
- Dit help om bloedklonte te voorkom.
- Dit help om die immuunstelsel op te bou. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Gemeenskapspolisiëringsforum

Gemeenskapspolisiëring is meer ’n filosofie van polisiëring as ’n duidelik omskrewe polisiëringsmetode.

Peel se ‘nuwe polisie’ beklemtoon:
- Polisiëring deur toestemming
- Plaaslike verantwoordelikheid vir polisiëring
- Nie-militarisme in polisiëring
- Die fundamentele regte van individue ✓

In Suid-Afrika is die polisie die instrumente deur middel waarvan die gemeenskap maatskaplike orde handhaaf. Dit beteken dat die polisie betrokke is by ’n vennootskap met die gemeenskap, waarin die polisie die aktiewe vennoot is en die gemeenskap die rol van die passiewe vennoot aanneem.

Aktiewe vennote word aangewend om take te verrig wat uiteindelik die verantwoordelikheid van elke burger is.

Passiewe vennote behoort primêre verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid te aanvaar en het die sekondêre plig om aktiewe vennote te ondersteun. ✓

Gemeenskapspolisiëring is nou verwant aan die kenmerke van die diensstyl van polisiëring. Die polisie moet deel van die gemeenskap wees en nie van die gemeenskap verwyder wees nie. Gemeenskapspolisiëring word hoofsaaklik deur middel van Gemeenskapspolisiëringsforums (GPF’s) en sektorpolisiëring aangedryf.

(Enige VYF van die bostaande) (5 × 1) (5)

8.1 8.1.2 **Aantekeninge aan die nasiener: Punte word slegs toegeken vir die evaluering van die teorie in die regterkantse kolom.**

Teorie van gemeenskapspolisiëring	Scenario word gebruik om te evalueer of diens in die eerste plek gelewer is **(Ken punte slegs vir hierdie kolom toe)**
Gemeenskapspolisiëring is meer ’n filosofie van polisiëring as ’n duidelik omskrewe polisiëringsmetode.	Polisie het gereageer op inligting wat hulle van die gemeenskap ontvang het.

Kopiereg voorbehou

Peel se 'nuwe polisie' beklemtoon: • Polisiëring deur toestemming • Plaaslike verantwoordelikheid vir polisiëring • Nie-militarisme in polisiëring • Die fundamentele regte van individue. In Suid-Afrika is die polisie die instrumente waardeur die gemeenskap maatskaplike orde handhaaf. Dit beteken dat die polisie betrokke is by 'n vennootskap met die gemeenskap waarin die polisie die aktiewe vennoot en die gemeenskap die rol van passiewe vennoot vervul. Aktiewe vennote word aangewend om take te verrig wat uiteindelik die verantwoordelikheid van elke burger is. Passiewe vennote behoort primêre verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid te aanvaar en het die sekondêre plig om aktiewe vennote te ondersteun. Gemeenskapspolisiëring is nou verwant aan die kenmerke van die diensstyl van polisiëring. Die polisie moet deel van die gemeenskap wees en nie van die gemeenskap verwyder wees nie. Gemeenskapspolisiëring word hoofsaaklik deur middel van Gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) en sektorpolisiëring aangedryf.	Die plaaslike gemeenskap het verantwoordelikheid aanvaar en dit impliseer dat polisiëring deur instemming plaasvind. Die fundamentele regte van eie veiligheid is uitgeoefen. Maatskaplike orde is gehandhaaf deur op die vuurwapens en dagga beslag te lê. Die polisie het gereageer op inligting wat hulle van die gemeenskap ontvang het. Die burgers het verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid aanvaar. Die burgers het verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid aanvaar. Die diens is gelewer om die inligting op te volg; onwettige vuurwapens is gekonfiskeer en arrestasies is gedoen. Gemeenskapspolisiëring is nie verdraagsaam teenoor misdaad nie.

(Enige VYF van die bostaande) (5 × 1) (5)

8.2 Die woord 'demokrasie' word dikwels gebruik sonder om daaroor na te dink. Mense kan sê dat hulle 'in 'n demokrasie leef' of dat hulle 'demokratiese regte het.'

Suid-Afrika se demokrasie is gegrond in die Grondwet (1996), waarvolgens demokrasie die volgende is:

Kopiereg voorbehou

1. ’n Stelsel van verteenwoordigende regering.
2. Ten einde verteenwoordigers te kies, is verkiesings in ’n demokrasie vry en vind dit gereeld plaas.
3. Elke volwasse burger het die reg om in verkiesings te stem en die kieser word beskerm teen intimidasie omdat die stembrief geheim is.
4. Alle politieke partye is vry om veldtogte in verkiesingstye te voer omdat die verkiesings aan kiesers ’n effektiewe keuse moet bied (met ander woorde, kiesers word nie tot ’n enkele party beperk nie). Dit beteken ook dat politieke partye vry is om veldtogte te voer teen die regering wat aan bewind is.
5. Wanneer die verkiesings ’n meerderheidstem teen die regering aan bewind voortbring, maak daardie regering plek vir die meerderheidsparty om sy plek in te neem.
6. Die verkose liggaam van verteenwoordigers het die uiteindelike mag om wette te maak.
7. Demokrasie is gebaseer op ’n geloof in die waarde van individuele mense. Dit is waarom gelykheid van burgers dikwels as die kern van die demokratiese staat beskou word.
8. In ’n demokratiese staat word elke burger dus sekere basiese regte gewaarborg.
9. Hierdie regte sluit in veiligheid teen arbitrêre (inkonsekwente, diktatoriale) inhegtenisneming en straf, vryheid van spraak, vryheid van assosiasie, godsdiens en onderrig.
10. ’n Demokrasie benodig ’n onafhanklike regbank wat gevestig moet word om die bostaande prosesse in werking te stel. Almal moet in staat wees om toegang tot hierdie regbank te verkry.
11. Die Handves van Regte is ’n ‘daaglikse lewende’ dokument in ’n demokrasie – dit sit uiteen hoe mense hul lewens in ’n grondwetlike demokrasie moet voer. Om hierdie soort inligting te versprei, is verskeie publikasies oor die demokrasie algemeen beskikbaar.
12. Die Grondwet is van die meeste staatsdepartemente of die poskantoor beskikbaar. Toegang kan ook aanlyn daartoe verkry word.

(Enige TIEN van die bostaande) (10 × 1) (10)
[20]

OF

VRAAG 9

9.1 **<u>Aantekening aan die nasiener:</u>**

1. **Die leerder moet die verduideliking in verband bring met die feite in die gegewe scenario.**
2. **Ken ’n maksimum van VYF punte toe vir die verduideliking van ‘persoonlike etiek’ en ’n maksimum van VYF punte vir die skakel met die gegewe scenario.**

Kopiereg voorbehou

PERSOONLIKE ETIEK	SKAKEL MET DIE SCENARIO
Die woord 'etos' het sy oorsprong in Grieks, wat die volgende beteken:	
• Persoonlike geloofwaardigheid	• Die polisiebeamptes is geloofwaardig en het gedoen wat hulle moes doen.
• Die vertroue wat mense in jou integriteit en bevoegdheid het	• Hulle is bevoeg. • Hul geloofwaardigheid skep vertroue by die mense wat hulle dien.
• Dit is die vertroue wat jy inboesem.	• Hulle motiveer die mense om hulle om eerlik te wees.
• Persoonlike etiek beteken die morele waardes en oortuigings van 'n individu.	• Die morele waardes van die polisiebeamptes is waarheidsliefde en getrouheid.
• Dit is 'n sin vir self wat gebaseer is op die persoon se opvoeding en die inskerping van beginsels waarvolgens die individu sy/haar lewe voer.	• Die sin vir self is by die polisiebeamptes ingeskerp. • Hulle lewe met integriteit en eerlikheid.
• Sommige van hierdie beginsels is om vir ander mense om te gee, om selfbeheersing te beoefen en om eerlik te wees.	• Die polisiebeamptes gee baie vir ander mense om – hulle dien die gemeenskap en die staat. • Die polisiebeamptes is eerlik en beoefen beheersing in die uitvoering van hul pligte.
• Sommige mense vind hul beginsels in hul eie godsdienservarings. (Enige 5 × 1)	• Die polisiebeamptes se beginsels kan in hul godsdiens aangetref word. (Enige 5 × 1)

(2 × 5) (10)

9.2 9.2.1 <u>McClelland se model van verworwe behoeftes</u>

McClelland se teorie bepaal dat mense deur prestasie, affiliasie of gesag aangespoor word en dat hulle gemotiveer sal wees om vir die bereiking van daardie behoefte te werk.

Die behoefte om te presteer dek ook die behoefte om in die werksplek uit te blink.

- Mense wat deur hierdie behoefte aangevuur word, word gemotiveer deur 'n gebrek aan roetine, uitdagende take en duidelik omskrewe en haalbare doelwitte.
- Hulle verkies vinnige en gereelde terugvoering op hul werkverrigting.
- Hulle behoort voortdurend aan toenemende verantwoordelikheid in nuwe tipes werk blootgestel te word.
- Die behoefte aan affiliasie verwys na die begeerte na vriendskaplike en hegte interpersoonlike verhoudings. (5)

Kopiereg voorbehou

- Hierdie individue word aangespoor wanneer hulle in spanne werk.
- Hulle word ook gemotiveer wanneer hulle waardering en erkenning van hul bestuurders ontvang.
- Hulle verkry meer tevredenheid daaruit om in ’n span met ander mense saam te werk as uit die werk self.
- Mense met ’n behoefte aan gesag/mag verkies werk waar hulle in ’n posisie sal wees om die handelinge van ander mense te bestuur.
- Hulle verkies mededingende en statusgeoriënteerde situasies. Navorsing dui daarop dat ’n sterk behoefte aan gesag/mag ’n vereiste vir bestuursdoeltreffendheid kan wees. (Enige VYF van die bostaande) (5 × 1)

9.2.2 Maslow se behoeftehiërargie

Mense wil altyd meer hê en hul behoeftes hang af van dit wat hulle reeds besit. ’n Behoefte wat reeds bevredig is, dien nie as motivering nie. Slegs onbevredigde behoeftes kan mense motiveer.

Mense se behoeftes het ’n volgorde van belangrikheid. Sodra hul belangrikste en dringendste behoefte bevredig is, kry die volgende belangrikste behoefte aandag.

Hoërorde-behoeftes	Selfverwesenlikingbehoeftes ✓	Volledige ontwikkeling van potensiaal
	Eiewaarde	Sukses ✓ Erkenning deur andere ✓
	Sosiale behoeftes ✓	Liefde ✓ Vriendskap ✓ Aanvaarding ✓
Laerorde-behoeftes	Veiligheidsbehoeftes ✓	Werksekerheid, mediese fonds, pensioenskema ✓
	Sielkundige behoeftes ✓	Salaris en werksomstandighede ✓

(Enige VYF van die bostaande) (5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou